

## 1 Junie 1 Petrus 1:13-16

(Teks: 1 Petrus 1:16)

### ***Die Heilige roep ons om heilig te wees***

Van vandag af tot Saterdag gaan ons ons volle aandag gee aan die heiliging van ons lewe. Ons lewensheiliging is ons lewe van nuwe gehoorsaamheid, dankbaarheid, vreugde in die wet van die Here. In kort: Ons hartlike toewyding om die Here te dien.

Helderder en korter kan die Here dit kwalik vir ons sê: Wees heilig want ek is heilig: (vers 16). Vers 15 brei dit meer uit. Soos Hy wat julle geroep het heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.

Vir 'n oomblik tref hierdie oproep 'n mens tussen die oë! Hoe kan ek so heilig soos die Here wees? Maar onthou: Die Here het jou reeds tot sy gemeenskap geroep. Jy is by Hom. Jy het die Here Jesus Christus in die geloof omhels. Die krag van die Heilige Gees werk in jou lewe! Moet daarom nie probeer om links of regs by hierdie oproep verby te skuur nie.

Hy wat ons roep is heilig. Sy heiligheid het nie hier betrekking op sy goddelike verhewenheid nie. Die Here is ook heilig omdat Hy die kwaad nie voor sy oë kan verdra nie. Elke optrede van 'n mens wat nie volgens sy wil is nie, bots met sy wese.

Hy het jou kragtig uit die duisternis tot die lig geroep, na Hom toe om sy beeld te vertoon (Efes 4:24). Hy herstel sy beeld in jou van jou gedagtes af tot jou dae, jou hele lewenswandel.

Sing Psalm 97:7

Ds. A.J. du Plessis (Emeritus)